# Gaint's Basin-naweek Elgin 2022

| ROETE: | Wessel'sgat (14km) en Rock Garden (12km) | DATUM: | 17 & 18 September 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Die ***Saterdagoggend*** vergader 24 Sanlam stapmaats by die pragtige Trail's End Bike Hotel. Kamers word uitgedeel en bagasie afgepak. Ons vergader in die eetsaal en stel almal voor aan Brenda Silberbauer, mede-eienaar van Trail's End en ook ons stapgids vir die naweek, asook nog x3 dames van Elgin wat saamstap. Ons stap met 'n baie gemaklike paadjie in die rigting van die Hottentots Holland berge. Met 'n effe nouer klipperige paadjie kies ons koers tussen kleinerige denneboompies deur in die rigting van Wessel's Gat. Ons neem 'n kort tee/water breek en stap dan verder om uiteindelik Wessel's Gat te bereik. Voor ons is 'n pragtige ou damwal - beslis gebou in die dae toe langtermyn behoud nog belangrik was! Die dam is tot oorlopens toe vol - dus geniet ons die klanke van 'n pragtige waterval wat oor die damwal na benede stort. Kosblikke word uitgehaal en ons klink ook 'n glasie Muscadel op Estelle Smuts se verjaarsdag. Michael toets sy "drone" uit. Ons begin ons terugtog na Trail's End. ***Saterdagmiddag*** besoek ons Paul Wallace vir "Wine and Chocolate paring". Terug by ons blyplek wag daar 'n gesellige braaivleis vuur en ons kuier lekker saam. Laataand kyk 'n paar van ons hoe die Springbokke Argentinia kafdraf. ***Sondagoggend*** neem Brenda Silberbauer 18 van ons na "The Rocky Garden" roete. Ons stap weer in die rigting van die Hottentots Holland berge, maar kies 'n roete in die rigting van interessante rotsformasies. Ons geniet ook pragtige uitsigte oor die Elgin vallei en omliggende plaasdamme. Ons geniet 'n welverdiende breek en stap rustig terug na Trail's End. Daar is ook 'n interessante fiets museum by die hotel. Michael, baie dankie vir die mooi video van ons naweek! Totale hoogte gewen: 420m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Tamara Josephs | Nie-lid | R 20 | 26 | |
| Alrese Cloete | 2022023 | R 10 | 14 | |
| Altina Lottring | 2022030 | R 10 | 14 | |
| Madie Krause | 2022008 | R 10 | 26 | |
| Wynand Krause | 2022009 | R 10 | 26 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 10 | 26 | |
| Michael Smuts | 2022057 | R 10 | 26 | |
| Freddie Pohl | 2022060 | R 10 | 26 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 10 | 26 | |
| Estelle Zietzman | 2022018 | R 10 | 26 | |
| Caire Lottring | 2022029 | R 10 | 14 | |
| Christiaan Smuts | 2022058 | R 0 | 0 | Slaap oor - Stap nie |
| Waldemar Smuts | 2022049 | R 0 | 0 | Slaap oor - Stap nie |
| Niel Visser | 2022006 | R 10 | 26 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 10 | 26 | |
| Levonia Thompson | 2022102 | R 10 | 26 | |
| Peter Thompson | 2022103 | R 10 | 26 | |
| Sinmarie Pieterse | 2022052 | R 5 | 14 | |
| Netarie Verwey | 2022105 | R 10 | 26 | |
| Edna Terblanche | 2022010 | R 10 | 26 | |
| Kobus Terblanche | 2022011 | R 10 | 26 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 10 | 26 | |
| Desiree Timmet | 2022097 | R 10 | 26 | |
| Esmay Josephs | 2022095 | R 10 | 26 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 225** | **524** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Estelle en Edna se eie noodhulpsakkies |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| VERSLAG DEUR: | Edna Terblanche |
|---|---|